AANSOEK OM BYKOMENDE HULPTOELAEBEFONDSING VIR 2021/22: MAATSKAPLIKE ONTWIKKELING EN VROEËKINDONTWIKKELING

Die Stad Kaapstad se departement maatskaplike ontwikkeling en vroeëkindontwikkeling (ECD) vra geregistreerde organisasies binne sy munisipale grense om aansoek te doen.

Aansoeke moet fokus op die verskaffing van kreatiewe en innoverende programme of dienste ten opsigte van enige van die volgende:

Mense wat op straat leef
Die verskaffing van 'n ontwikkelings-/residensiële program vir mense wat op straat leef en wat daarop fokus om die kringloop van middelmisbruik en antimaatskaplike gedrag te verbreek asook die herintegrasie van hierdie mense.

Die oorkoepelende doelwitte van die hulptoelaeprogram is die verskaffing van 'n gefaseerde herintegrasieprogram deur bykomende bedruimtes by skuilings en veilige ruimte, insluitende maar nie beperk nie tot middelmisbruikintervensie, opleiding in sagte vaardighede, loopbaanopleiding en 'n proses om die herintegrasie te ondersteun volgens die uitgangstrategie vir elke individuele inwoner.

Aansoekers moet daarop let dat die departement daarna mik om soveel moontlik by sy investering te baat deur middel van 'n samewerkende befondsingsmodel wat 'n vaardigheidsoordragmodel met 'n vaardigheidsoordragkomponent en projekuitsetbelyning met die GOP en sakedoelwitte insluit.

Voorleggings vir hulptoelaes moet skriftelik op 'n amptelike aansoekvorm gedoen word wat by alle subraadskantore of aanlyn by www.capetown.gov.za/grants-in-aid beskikbaar is.

Projekvoorstelle moet tot munisipale verantwoordelikhede beperk wees en die strategiese mikpunte van die Stad bevorder, soos uiteengesit in die GOP en strategieë vir ekonomiese groei en maatskaplike ontwikkeling, asook die Stad se pogings tot 'n geleentheids-, veilige, omgee-, inklusiewe en goed bestuurde stad. Wanneer aansoekers hul begroting opstel, moet hulle die hulptoelaebeleid in ag neem, wat op versoek of op die Stad se webwerf beskikbaar is.

'n Bedrag van ongeveer R6,5 miljoen is beskikbaar vir toewysing. Die minimum bedrag per aansoek per projek is R15 000. Aansoekers moet realisties wees wanneer hulle voorleggings om befonding opstel aangesien die befondsing beperk is. Nie alle aansoekers sal befondsing ontvang nie, en die Stad kan besluit om voorleggings gedeeltelik en nie volledig nie te befonds.

Alle aansoeke moet vergesel wees van:
- Die organisasie se nommer op die Stad se dataverskaffersdatabasis.
- Die organisasie moet op voorsieningskanaalbestuur (SCM) se databasis geregistreer wees:
- Die organisasie moet op die nasionale tesourie se verskaffersdatabasis geregistreer wees: https://secure.csd.gov.za/
- Indien die organisasie as 'n BTW-verskaffer geregistreer is, moet die organisasie 'n nullokoersbelastingfaktuur indien wat die Stad se BTW-nommer 4500193497 insluit.
- Gewaarmerkte afskrifte van die identiteitsdokumente van direksielede/ bestuurskomiteelede OF van die organisasie se voorsitter en tesourier
  Notule van die organisasie se algemene jaarvergadering – nie ouer as 18 maande nie.
- 'n Afskrif van die jongste geouditeerde finansiële jaarstate of ouditsertifikaat as hulptoelaebefondsing in vorige boekjare van die Stad ontvang is. Die bedrag wat ontvang is, moet aangedui word. Indien die bedrag van die toelae wat voorheen ontvang is, R50 000 of minder is, hoef slegs 'n afskrif van die finale uitgawestaat ten opsigte van die vorige jaar aangeheg te word
- 'n Afskrif van die organisasie se grondwet
- 'n Afskrif van die organisasie se jongste munisipale eiendomsbelasting-en-diensterekening (indien van toepassing)
- 'n Geldige belastingklaringsertifikaat (aansoeke sal nie daarsonder aanvaar word nie)
- Organisasie se stigtingsdatum
- Tipe organisasie (organisasie sonder winsbejag, artikel 21-maatskappy)
- Besonderhede van vorige befondsing deur die Stad
- Besonderhede van ander befondsing wat vir die huidige boekjaar van die Stad ontvang word
- Breedvoerige beskrywing van projek wat geïmplementeer sal word
- Inligting oor hoe die toewysing van 'n hulptoelae werkskepping in die hand sal werk en die geraamde getal werksgeleenthede dit sal skep
- Uitvoerige ontleding van projekkoste
- Projek se begin- en einddatum
- Breedvoerige sakeplan waarin die befondsingsvoorstel waarom aansoek gedoen word, verduidelik word
- Elektroniese voorleggings moet in PDF ingedien word met 'n maksimum van 2 MB per dokument

Aansoekers moet die aansoekvorms deeglik deurlees en seker maak hulle heg alle dokumente aan wat hul aansoeke moet vergesel.

Die aansoek sal gediskwalifiseer word as al die betrokke dokumentasie nie voorsien word nie.

E-pos die voltooide aansoek, met stawende dokumentasie, na SocialDevelopment@capetown.gov.za or lewer dit per hand af by die kantore van die departement maatskaplike ontwikkeling en ECD naaste aan jou:

Gebied noord:
22ste verdieping, Toringblok, Burgersentrum, Hertzog-boulevard 12, Kaapstad – Genevieve Adams
1ste verdieping, Bloemhofgebou, Edwardstraat 112, Bellville - Andiswa Pilisani

Gebied oos:
Eerste verdieping, Omniforum-gebou, Van Riebeeckstraat 94, Kuilsrivier - Gillian Adriaanse

Gebied suid:
200 on Main, h.v. Hoof- en Bowwoodweg, Claremont – Wayne van der Poel

Gebied sentraal:
Eenheid 201, De Tijger-kantoorpark, Hannes Louwrylaan, Parow-Noord - Vusi Magagula

Die sluitingsdatum vir aansoeke is 19 April 2022.

Alle aansoeke om hulptoelaebefondsing sal volgens die hulptoelaebeleid beoordeel word en moet aan die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003, voldoen.

Kontak Carla Ederies by 021 444 2720 of carla.ederies@capetown.gov.za vir amptelike toelae-aansoekvorms of vir nog inligting.

LUNGELO MBANDAZAYO
STADSBESTUURDER
CTA45/2022

CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

Maak vooruitgang moontlik. Tesame.